8.8.2019

CityKidz Kletsblad

vier Vrouedag!!!

Nasionale Vrouedag is ‘n openbare vakansiedag wat jaarliks op 9 Augustus in Suid-Afrika gevier word. Die eerste Nasionale Vrouedag het op 9 Augustus 1994 plaasgevind. Die dag gedenk die nasionale optog van vroue op hierdie dag in 1956 om beswaar te maak teen wetgewing wat Swart Afrikane verplig het om ‘n pas te dra. Die pas was ‘n spesiale dokument wat die daaglikse beweging van swart mense gedurende die apartheidsera beperk het, met die doel om wit woongebiede te beveilig.

Sponsbrein!!

Hoërskool Rustenburg se koor het die week hulle weergawe van ‘n bekende sanggroep se liedjie bekend gestel. Wat was die naam van die liedjie?

Antwoord op vorige vraag: Johnny Clegg

Ons Flink-Dink woorde!!

lemoene (oranges) appels (apples)

piesang (banana) perskes (peaches)

pere (pear) suurlemoen (lemon)

Volg ons op

Graad 2 Afrikaans - Vrouedag
Uit die pen van Juffrou Marcherie Strydom.

In Graad 2A het ons besluit om kaartjies vir Vrouedag te maak. Hierdeur vier ons elke vrou in ons lewens: mamma, ouma, tannie of sussie. Die leerders het die aktiwiteit so geniet en het terselfdertyd besef dat daar soveel is waarvoor hulle moet dankbaar wees.

Om 'n vrou te wees is ongelooflik. Ons kan soveel doen en ons kan trots wees daarop! Ons staan sterk en ons kom altyd bo uit! Dit mag dalk nie altyd maanskyn en rose wees nie, maar niks skrik ons af nie. Ons staan op vir dit waarin ons glo en dit wat vir ons saak maak.

Vrou-wees is fantasties. Vrouens is die steunpilaar in elke huishouding, hulle is die GOM wat als bymekaar hou.

Geseënde Vrouedag aan almal.

Vrou-wees is lekker. Wees dit met trots!

Groete
Juffrou M. Strydom

Volg ons op

Kletsblad Berigte

'n Boodskap aan 'n spesiale vrou…
deur Zoë Bhebhe

Vandag wil ek graag vir my ma Zimiso, dankie sê vir al haar liefde en opofferige. Daar is niks wat 'n ma se liefde en toewyding kan vervang nie. Die geskiedenis van Vrouedag leer ons, dat sowat 20 000 vroue op 9 Augustus 1956 saamgestaan het, en na die Uniegebou in Pretoria gemarsjeer het. Hulle het opgestaan vir waarin hulle glo en het tot gevolg gehad dat ons jaarliks vrou-wees kan vier.

Baie dankie vir alles wat ma vir my doen. Ma is daar as ek wil lag. Ma is daar as ek wil gesels. Ma is daar as ek net 'n skouer nodig het om op te huil. Ma is daar as ek vrae oor my huiswerk het. Ma is daar as ek 'n storie wil vertel. Ma is 'n voorbeeld van hoe 'n vrou moet wees en ek is trots om te kan sê dat ek eendag soos ma sal wees.

Liefde
Zoë

TYAF – 1 Augustus 2019
deur Thamsanqa Ndlovu

Volg ons op

Op 1 Augustus het die CityKidz revue groep vir die eerste keer in die Pretoria Staatsteater tydens die TYAF opgetree. Ons was so opgewonde om in so groot saal te kon optree. Ons het so hard geoefen en was reg om vir almal in die gehoor te wys waarvan ons gemaak is. Die aand was ongelooflik. Ons het al reeds 10uur die oggend by die skool gery om betyds te wees vir ons oefensessie. Die organiseer, tannie Mary-Lou was so beindruk met ons mooi manière, kostuums en ongelooflike bewegings. Juffrou Alecia het vir al die meisies gremering aangesit en seker gemaak ons almal lyk perfek op die aand. Juffrou Jenny en oom Lloyd was ook daar om ons te ondersteun. Ons sien uit na ons volgende optrede en weet ons gaan met die eerste prys wegstap.